

DIE SKIETLOOD

Uitgawe 123 - 27 Oktober 2017 saam
met Koersvas 123



95 STELLINGS

Na verlede week se beredenering van die vyf *sola*-stellings, word daar vandag 95 stellings geplaas om debat te stimuleer.

Sola

1. Die samelewing se denke is deur die postmoderne gees gekorrupteer om te aanvaar dat daar geen objektiewe waarheid is nie.
2. In die moderne samelewing is daar 'n fragmentasie wat dit moeilik maak om een saak of een beginsel uit te sonder.
3. Dit is eie aan die aard van die Protestantisme dat daar tog sekere beginsels aanvaar word wat vir tyd en ewigheid geldig is.
4. Ons aanspraak op Protestantwees kan deur die woord "*sola*" opgesom word.
5. Die woord *sola* dui daarop dat daar aanspraak gemaak word op uniekheid in 'n ruimte van verskeidenheid.
6. *Sola* dui op 'n aanspraak op eksklusiwiteit wat gemaak word.
7. Die woord *sola* dui op die ruimte waarbinne inklusiwiteit verstaan kan word.
8. *Sola* dui op 'n aanspraak op eksklusiwiteit wat gemaak word in 'n samelewing wat amorge inklusiwiteit tot beginsel verhef het.
9. *Sola* verklaar dat daar 'n waarheid is wat absoluut is.
10. Dit beteken dat daar 'n objektiewe waarheid is wat geld vir alle tye en alle geslagte.
11. *Sola* maak 'n aanspraak op hierdie objektiewe waarheid as iets wat gedefinieer word deur die woord wat volg.
12. Die begrip *sola* het 'n bepalende impak op die konsep van ekumeniese skakeling.
13. Die woord *sola* skep die ruimte waarbinne enige ekumeniese skakeling moet geskied.

14. Enige gedagte of teologiese denkrigting wat indruis teen die inhoud van die 5 *solas*, word vanselfsprekend uitgesluit.

15. Deur elk van die vyf aansprake nader te bepaal met die woord "*sola*", koppel die Reformasie hierdie begrippe onlosmaaklik aan mekaar.

16. Die eenheid van die kerk word deur die vyf *solas* omskryf.

Sola fide

17. Die eenheid van die kerk kan gevind word in die oproep tot geloof alleen.

18. Geloof is die produk van God se genade.

19. Geloof is die produk van God se genade deur die werking van die Heilige Gees.

20. Geloof is geen menslike prestasie nie.

21. Geloof word nie deur menslike aktiwiteite aangestig of aangemoedig nie. Daar is geen nodigheid vir 'n angs rondom werk-saligheid nie.

22. Geloof en geloofsekerheid is 'n gawe wat ervaar word. Dit maak ons nie minder of meer gelowig nie, so kan daar nie groot en klein Christene wees nie.

23. Die mens twyfel soms - tog verwyder dit nie geloof nie. Twyfel bevestig juis die brose aard van geloof.

24. Daar is net geloof en ongeloof. Bygeloof is inderwaarheid ongeloof.

25. Geloof word nie aangevul deur meditasie of ander tegnieke wat uit ander godsdienste oorgeneem word nie.

26. Dit is net moontlik om te glo in God Drie-Enig. Derhalwe is geloof en vertroue in ander entiteite of afgode per definisie ongeloof of bygeloof.

27. Geen mens kan deur geweld in God se naam 'n plek in die hemel oopdwing nie, dit is nie moontlik om met

'n selfmoord-bom God se guns te verseker nie.

28. Die praktyke om geloof aan interne Christelike voorwaardes te onderwerp, is menslike pogings om mense prestasie weer deel van die saligheid te maak.

29. Daar is nie stadiums of 'n orde van saligheid (*ordo salutis*) nie.

30. Dit is 'n dwaling om geloof aan te vul met groot doop, spreke in tale of enige van die sogenaamde charismata wat vandag aan mense voorgehou word.

31. Geloof is voldoende vir ons regverdiging. Enige aktiwiteit van ons kant is louter dankbaarheid.

32. Geloof alleen is geloof in Christus alleen as die Middelaar tot die ontmoeting met die Triniteit.

33. Ons word tot geloof geroep deur die lees en prediking van die Bybel inhoud.

34. So is dit ook nie noodsaaklik om **geloof aan te vul** met Sabbatsviering op die Saterdag en vas op sekere dae nie.

Sola gratia

35. Die eenheid van die kerk kan gevind word in die stelling dat redding deur genade alleen aan die mens gegee word.

36. Genade alleen beteken dat die eenheid van die Kerk nie in verpligte strukture gevind word nie, maar in die eenheid van ontvangs en dankbaarheid.

37. God se genade word aan alle mense aangebied, want so lief het God die wêreld dat Hy sy Seun gestuur het sodat elkeen wat glo, gered kan word. Die werklikheid is dat alle mense nie die aanbod aanvaar nie en dus nie almal gered word nie. Slegs Sy skape sal na Sy stem luister.

38. God weerhou nie sy genade totdat die mens 'n teenprestasie gelewer het nie

39. God keer Hom tot ons in genade en daarom staan ons nie onder God se toorn nie.

40. God se genade word nie aangevul met menslike prestasie nie.

41. Die mens se barmhartigheid het tekorte, selfs die beste pogings is nie volmaak nie. Hierdie tekorte word nie ter wille van saligheid deur God se genade aangevul nie.

42. Daar is geen glyskaal waar wisselwerking tussen genade en verdienste balanseer word nie.

43. Enige aandrang op menslike aktiwiteit as verdienstelik voor God, is om die Evangelie te verwerp.

44. Die mens se vermoë om goed te doen, is die resultaat van God se genade, soos ons lees in Efesiërs 2:10 waar ons opgeroep word tot goeie dade.

45. Ons is gered deur God se genade, juis daarom kan dit nie anders as dat ons ons lewens vul met goeie dade en barmhartigheid nie.

46. Genade word nie opgewek of versterk deur groot doop of spreke in tale nie.

47. God se genade word deur die Bybel aan ons verkondig sonder dat ons moet staatmaak op menslike handeling om hierdie versekering te ontvang.

48. God se genade maak dit onnodig om jouself die saligheid te verseker deur 'n fanatisme wat selfs op terreur uitloop.

49. Hierdie genade van God het God se Seun sy lewe gekos en enige menslike byvoegsel impliseer 'n degradering van die absolute self-opoffering van die Seun.

50. God se genade staan teenoor enige menslike prestasie of toevoeging. Genade is 'n oortreflike kategorie op sy eie.

51. Menslike meditasie en verdieping in geestelike sake lei nie tot genade nie omdat genade nie vanuit die mens kom nie, genade is bloot die tema van meditasie en geestelike verdieping.

Sola scriptura

52. Die eenheid van die kerk kan gevind word in die erkenning dat God se openbaring gevind kan word in die Skrif alleen.

53. Die Skrif se interne getuienis maak dat net hierdie 66 boeke as gesagvol aanvaar word.

54. Die Bybel is nie die produk van 'n menslike mag spel en geforseerde sinodale besluite nie.

55. Die ideologie wat die Bybel verdag wil maak op grond van vermeende politiekery, moet verwerp word.

56. Die Bybel se inhoud word nie bepaal deur tradisie, persoonlike gesag (soos die pous of die voorsitter), of vergaderings nie.

57. Die Bybel is nie een godsdienstige boek tussen 'n koor van stemme nie.

58. Inhoudelik het die Bybel 'n koor van stemme wat dieselfde boodskap dra.

59. Die Ou Testament is profeties en heilshistories die logiese en noodsaaklike voorloper tot die Nuwe Testament.

60. Die Bybel verkondig God se openbaring soos dit werklikheid geword het in Christus.

61. Die Koran is nie 'n aanvullende openbaring van God nie.

62. Die Koran is 'n menslike boek wat sekere temas en persone uit die Bybel oorgeneem het om 'n eie menslik-ideologiese manifes daar te stel.

63. Die boek van Mormoon is geen verdere openbaring wat deur God aan die mense gegee is nie.

64. Tradisie en nuwe menslike insigte kan nie bo- of gelyk gestel word aan die Skrif nie. Die Histories-kritiese metode en die Bybelwetenskaplikes wat dit aanhang dwaal deur hulle insigte te verhef tot bo Skrif gesag.

65. Die belydenisskrifte steun op die Skrif vir gesag, die Skrif se gesag is intern genoegsaam.

66. Die huidige belangstelling in die Nuwe Testament Apokriewe is 'n menslike dwaling wanneer die Apokriewe meer gesag gegee word as die boeke van die Bybel.

67. Die Apokriewe boeke dra geen interne gesag nie en kan daarom nie by die Bybel gevoeg word nie. Die vroeë kerk

het hierdie boeke geken en hulle verwerp op grond van hulle inhoud.

68. Enige benadering wat die absolute gesag van die Bybel in twyfel trek, is in wese ketters. Teen dié agtergrond is die postmoderne benadering 'n dwaling. Bybelwetenskaplikes wat die postmoderne benadering aanhang, se arbeid is in wese teen die Skrif gerig.

Solus Christus

69. Die eenheid van die kerk kan gevind word in die belydenis dat daar net een Saligmaker is en dit is Christus alleen.

70. Met die versoeningswerk van God in Christus is die openbaring afgehandel.

71. Christus is nie net 'n profeet naas ander profete nie, Hy is die ware Seun van God.

72. Daar is net een waarheid, net Een wat die waarheid waarborg. Hierdie Een is die Waarheid.

73. Jesus identifiseer Homself as die Waarheid en daarmee verwys Hy onder andere daarna dat God net deur Hom bereik kan word.

74. Alle gelowe is nie paadjies langs dieselfde berg op nie; daar is net een weg.

75. Daardie een weg loop verby die kruis van Golgota en is eintlik werklik gebaan deur die leë graf heen.

76. Die genade van God word net deur Jesus Christus aan ons uitgedeel.

77. Dit is 'n dwaling om die uniekheid van Jesus Christus te ontken of te minimaliseer.

78. Enige poging om Jesus Christus se twee nature te ontken, het verreikende gevolge vir die teologie en in die besonder die leer oor die Triniteit.

79. Enige persoon wat die ware Godheid van Christus ontken, is skuldig aan een van 'n reeks ketterye wat reeds deur die kerk afgewys is. Dit sluit in die dwalings van Modalisme, Patripassisme en die lering van Arius.

80. Die Heilige Gees oortuig ons daarvan dat Jesus Christus die Middelaar en waarborg is van ons saligheid.

81. Die Heilige Gees verkondig Christus en niemand anders nie.

82. Die Gees is Trooster totdat Christus kom. Diegene wat die Heilige Gees in die middelpunt van hulle geloof en kerkwees plaas, verloën Christus in hulle soeke na ervarings-godsdiens.

83. Spreke in tale en ander charismata is nie die waarborg van saligheid nie, net Christus is ons vaste anker.

84. Jesus staan nie langs Budha, Vishnu, Mohammed of enige ander mens of mensgemaakte entiteit nie. Om saam met mense te bid wat hierdie name in gebed op hulle lippe neem, is lasterlik teenoor God.

85. Slegs deur Jesus Christus te ken en te verstaan, kan ons in opregtheid ons geloof in God Drie-Enig bely. Ons is monoteïste maar gelyk ook Trinitariërs.

86. God se genade word aan ons gebied slegs deur Christus se heilshandeling heen.

87. Net Jesus Christus is ware mens en ware God. Ware mens om ons sondes te kon dra en ware God om ons sondes te kon wegdra. God se genade ontmoet ons in Christus Jesus

88. Deur Christus bring ons aan God al die eer.

Soli Deo gloria

89. Die eenheid van die kerk kan gevind word in die belydenis dat daar net een wese is wat Almagtige is en daarom kom alle eer God alleen toe.

90. Die moderne mens se verering van helde en sterre staan gevaar dat die eer aan die mens gegee sal word.

91. Mense wat in die mediese wetenskap steeds grense van menswees en oorlewing verskuif, staan gevaar om aan die mens die eer te gee.

92. Diegene wat in hubris dink dat die mens die grootste impak op die natuur het, word deur hul eie trots verblind. God is die een wat geskep het en die enigste een wat die skepping kan onderhou.

93. Verandering in klimaat weerspieël nie iets van die mens se aktiwiteite nie, dit weerspieël iets van God se skepping.

94. Die Reformasie en die 500 jaar daarna staan nie onder die hofie van menslike prestasie nie, maar is aan God alleen te danke. Aan Hom al die eer.

95. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom alleen alle eer.